KIXsibindi Kwartaal 3

Ons hoop dit gaan sommer baie goed met al ons KIX maats! Hier in die Wes-Kaap gaan ons nog eers ‘n bietjie koud kry voordat die lente aanbreek, en koud en nat laat dink ons daaraan dat ons altyd ietsie ekstra het om te deel met ander.

Die Isibindi span was hard aan die werk met hul daaglikse aktiwiteite verlede kwartaal, en hulle was ook in die vakansie op ‘n uitreik na Calitzdorp. Wie van julle was al op ‘n uitreik? Dit beteken dat ‘n groepie mense gaan kuier by ‘n ander groep mense om meer van hulle te leer, en om saam ‘n projek aan te pak wat tot voordeel is van die mense wat agterbly. ‘n Uitreikspan kan dalk help om iets te bou, om ‘n groentetuin te maak, te verf of te kook! ‘n Mens hoef ook nie eens ver te gaan om ‘n uitreik te doen nie - wanneer jy die Here vra om jou ogies oop te maak vir mense om ons se nood, sien jy dalk sommer naby jou iemand wat jy kan help!

Dink ‘n bietjie as KIX groep aan ‘n groep of organisasie naby julle vir wie julle iets kan doen. Dalk kan julle gaan help by die dierebeskermingsvereniging, dalk is daar ‘n vuil rivier of strand naby julle waar julle kan gaan vullis optel. Dalk het julle al ‘n paar tannies en oumas gevra om vir julle “worry worms” te maak volgens verlede kwartaal se patroon, en kan julle dit gaan uitdeel.

Moenie vergeet om vir ons ‘n foto te stuur en te vertel waarmee julle besig was nie!

Kyk na hierdie pragtige artikel wat vertel van wat Isibindi alles doen:

https://kaapkerk.co.za/ysterplaat-waar-heiligheid-braafheid-tuistes-skep/